

HOOFSTUK V.VERDERE VERDELING VAN BEHEER IN DIE ONDERWYS 1918-1925.1. Inleiding:

Die Jaggerkommissie het ten spyte van die diepgaande ondersoek en aanbevelings geen verandering in die bestaande toestand van sake ten opsigte van beheer meegebring nie. Insteede daarvan dat die sentrale uniale beheer verskerp en n groter mate van eenheid meebring, ondergaan dit verdere verdeling. Die verdere verdeling van beheer word in hierdie hoofstuk by die behandeling van die volgende vraagstukke bespreek:

- a. Algemene Ontwikkeling.
- b. Die C.N.O.-aksie.
- c. Die Malherbe-kommissie.
- d. Die Hofmeyrkommissie.
- e. Die oordrag van beroepsonderwys.
- f. n Vergelykende beskouing van onderwys in Engeland, die V.S.A. en Nederland.

2. Algemene Ontwikkeling.

Sedert die verslag van die Jaggerkommissie het die provinsies nog verder in hulle eie rigting ontwikkel, en het die Unie-onderwysdepartement sy werkring nog verder uitgebrei - alles voortgedryf deur die vereiste van elkeen se eie posisie.

„Verdere tussenprovinciale konferenties, ten doel hebbende een algemeen optreden, zijn mislukt, en indien de strekking om van elkander af te drijven in het geheel tegengehouden is, is het gedaan door het optreden van het Unie-parlement helemal onafhanklik van de Provincies.“¹⁾

1). Onderwys-Administrasie-Kommissie (U.G.19-'24), par. 280.

Die optrede deur die Unie Parlement word ver-
traag tot 1922 toe snelle uitbreiding van die Provin-
siale Onderwysstelsels (stigting van die Kaapse Teg-
niese Kollege in 1917 wat onderwys gegee het bo die se-
kondêre peil), gevolg deur n nog sneller inkringing van
provinsiale inkomste, n posisie laat ontstaan het dat
die bestaan van die inrigtinge soos die tegniese kolle-
ges in Kaapstad en Durban in gevaar kom.¹⁾ Deur die
Finansiële Verhoudings Vierde Verlengingswet 1922 (No.
5 van 1922)²⁾, lê die Parlement vir die eerste keer n
omskrywing neer van wat „hoger“ onderwys beteken.

Die wet bepaal dat in artikel 85(iii) van
die Zuid-Afrika-Wet die uitdrukking „uitgezonderd hoger
onderwijs“ uitgebrei moet word, om te lees, „uitgezon-
derd hoger onderwijs as zodanig en ander verklaarde on-
derwijs.“ n Uitbreiding hiervan volg later in afdel-
ing (e) van artikel 11.

Artikel 11 van die wet lui as volg:

„Onder de uitdrukking ‚hoger onderwijs‘ die gebe-
zigd wordt in Artikel vijf en tachtig van de
Zuid-Afrika-Wet, 1909, wordt inter alia begre-
pen:

- (a) onderwijs gegeven aan universiteiten en uni-
versiteitskolleges ingelijfd door de Wet;
- (b) onderwijs gegeven aan het Zuid-Afrikaanse
Naturellen Kollege;
- (c) onderwijs gegeven aan Zulke techniese in-
stellingen (met inbegrip van kunstmuziek-, han-
del-, technologiiese-, landbouw-, mijn-, en huis-
houdkundige scholen) als de Minister van Onder-
wijs verklaart scholen van hoger onderwijs te
zijn;

1). Onderwys-Administrasie-Kommissie, par. 281.

2). Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1922.

- (d) zulk gedeelte van onderwijs gegee aan andere tegniese instellings als de Minister van Onderwijs na overleg met het betrokke provinsiale bestuur verklaart hoger onderwijs te zyn."

Wetgewing wat dan ook verder gevolg gee aan hierdie uitleg word aangeneem in die vorm van die Wet op Hoger Onderwijs, No.30 van 1923.¹⁾ Die doel is om inrigtinge soos die Kaapse Tegniese Kollege op n vaste grondslag te plaas deur die bevoegdhele en verpligtinge te omskryf.

Artikel 20 lui as volg:

"Bevoegdheid om Kursussen van Onderwijs te Erkenne als Begrepen onder Hoger Onderwijs en om Regulaties te Maken -"

Die Minister het bevoegdheid om kursusse van onderwys hoofsaaklik bedoel vir studente bo die ouderdom van 16 jaar te erken as vallende onder hoër onderwys: Met dien verstande dat geen sodanige kursus gehou in n instelling onder die kontrole van die administrasie van n provinsie aldus erken sal word sonder die medewerking van die administrasie nie.

Hierdie eerste omskrywing van "hoër onderwys" is egter geen omskrywing van hoër onderwys nie, dit lê net neer watter vertakkings van onderwys onder die jurisdiksie van die Minister sal ressorteer en watter soort onderwys hy by magte is om daarby te voeg.²⁾ Dit keer die posisie wat deur die Suid-Afrika-Wet geskep is net om. Volgens die Grondwet moes die provinsies alles beheer wat nie hoër onderwys was nie en die Unie-onderwysdepartement die res. Nou was

1). Die Unie-Wette 1910-1947 Deel 5, Hoofstuk IV.

2). Onderwys-Administrasie-Kommissie, 36.

die posisie so, dat die Unie-onderwysdepartement alles moes beheer wat die Minister as hoër onderwys verklaar het en die provinsies die res.¹⁾ Hoewel die artikel nodig was om verligting te gee aan n ondraaglike posisie, het dit die fundamentele geskil onaangeroerd gelaat. Die „lyn" het nou net bestaan in die oordeel van die Minister.

Dit is kenmerkend van die ontwikkeling van onderwys in Suid-Afrika in hierdie jare dat die omskrywing van „hoër onderwys" deur die parlement, juis moes voorkom in n wet waarvan die hoofdoel was om die finansiële betrekkinge tussen die Unie-regering en die provinsies neer te lê.²⁾ Onderwys was bysaak.

3. Die C.N.O.-aksie in die tyd.

Die idee van groepskole is ook kragtig bevorder op n groot kerklike onderwyskongres wat in April 1918 in Pretoria byeengeroep is en waar al drie die Afrikaanse Kerke verteenwoordig was. Ook hier gaan dit om ouerseggenskap wat die aanstelling van onderwysers betref, die reëling van godsdiens- en taalonderwys, bepaling van die gees en rigting van die skool en dat gelykgesinde ouers geregtig sal wees om n eie Normaal-skool in Transvaal te kan oprig, en dat ook voorsiening gemaak sal word by die departement deur die aanstelling van n tweede sekretaris net vir C.N.O.-skole.³⁾

Die drie Onderwyskommissies van die Hollandse kerke het kommentaar ook opgestel met die doel

1). Onderwys-Administrasie-Kommissie, par. 282.

2). Smuts: The Education of Adolescents in South Africa, 11.

3). Het Kerkblad, 15 Mei 1918.

Handelingen van de Twaalfde Synode der Ned. Herv. of Geref. Kerk van Suid-Afrika 1919, 243.

om eenstemmigheid van getuienis voor die toe fungerende Onderwyskommissie van die Transvaalse Provinsiale Raad (Malherbekommissie) te laat aflê.¹⁾ Dit is ook gedoen in 1918. Na aanleiding van hierdie getuienis beveel die kommissie aan²⁾: dat die gevoel van ieder groep ouers geëerbiedig word en dat sover moontlik daar vryheid moet wees om die gees en die rigting van die skool te bepaal. Dit sal dan geleentheid gee dat verskillende sienswyses vryelik kan ontwikkel.³⁾ Die Kommissie gee toe dat daar eensgesindheid moet wees tussen die ouers en die onderwysers, dan sal daar vrug wees op die onderwysers se werk.⁴⁾ Mnr. Harm Oost, lid van die Transvaalse Provinsiale Raad, onderneem om 'n Ordonnansie voor te stel om uitvoering te gee aan die Verslag van die Provinsiale Kommissie in 1923. Sy Hoog Edele, die Administrateur het van sy veto-reg gebruik gemaak en gevolglik kon die saak nie in die Provinsiale Raad voorkom nie.⁵⁾

Die lede van die drie Hollandse kerke het nooit met dade soos die Christelike volksdeel van Nederland geprotesteer teen die beginsel van staatsonderwys nie. Vroom besluite is op C.N.O.-konferensies in 1912, 1917 en 1918, ens. geneem, maar al hierdie ongetwyfeld opreg gemeente propagandawerk het by die volk as geheel op dowe ore geval. Die Afrikaanse volk was tevrede met 'n Christelike Staatskool. Die ou C.N.O.-bewegings vir kerkskole, vir vrye skole met staatsub-

-
- 1). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en die Onderwys in die Transvaal 1859-1937, 46.
 - 2). Transvaalse Onderwyskommissie, 94.
 - 3). Id., par. 47.
 - 4). Id., par. 48-49.
 - 5). Coetzee: Id., 46.

sidie, vir groepskole, ens., is dood uit gebrek aan lewensvatbaarheid. Proteste van die volk het nooit teen die beginsel van staatsonderwys as sodanig, ontstaan nie, maar wel teen verkragting van Christelike en Nasionale belange.¹⁾

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het altyd die staatskool in beskerming geneem en was nooit te vinde vir die vrye skool nie. Die Kerk het steeds probeer om die staatskool Christelik en Afrikaans te maak. In Transvaal het die Kerk sover gekom dat hy in 1918 die groepstelsel aanvaar het, maar in 1920 wou hy dit nie deurvoer nie, omdat hy bevrees was dat indien staatsteun aan vrye skole toegestaan word, die Roomse skole ook staatsteun sou kry, wat hulle in staat sou stel om feitlik gratis onderwys te verskaf en meer Protestantse kinders dus sou lok.²⁾ Deur sy getalsterkte was hy daarvan oortuig dat hy die staatskool in die regte rigting kon stuur.³⁾ Die liberalisme het ook sy invloed op die N.G. Kerk gehad. Die gedagte dat godsdienste en wetenskap van mekaar geskei kan word, is deur hulle aanvaar, en daarom het hulle geen beginselbeswaar teen staatsonderwys gehad nie.⁴⁾ Hierteenoor staan die Calvinistiese beskouing dat alles in die lig van Gods Woord gesien moet word en dat die Christelike beginsels dus in alle onderwys geken moet word.

- 1). Bot: Die Verlede, Hede en Toekoms van die C.N.O.-Beweging. (Die Christelike Skoolblad, Oktober 1936).
- 2). Arnold: Die Christelike-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, 142-145.
Lugtenburg: Kentekens van toekomstige Beleids wysings, 316. (Uit: Wonderdade van God.)
- 3). Venter: Verband tussen Kerk en skool in S.-A., 83.
- 4). Id., 84.

Die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika het in die jare 1907-1920 ook die C.N.O.-beweging ondersteun en die vrye skool voorgestaan, maar was deurgaans minder aktief as die Gereformeerde Kerk. Dit is die Hervormde Kerk wat in 1916 die leiding geneem het om die samewerking te verkry tussen die drie Hollandse kerke wat uiteindelik uitgeloop het op die erkenning van die groepstelsel in die Malherbe-rapport.¹⁾

4. Die Malherbekommissie.

In Transvaal is kragtens Administrateurskennisgewing, no.416, gedateer 21 Desember 1917 n Provinsiale Onderwyskommissie benoem onder voorsitterskap van die heer H.L. Malherbe.²⁾

Die verslag van die kommissie gee n breedvoerige uiteensetting van die stelsel van plaaslike be-
heer in ons onderwys.

Die Onderwyskommissie wys daarop dat die teenswoordige stelsel tot n hoë mate gesentraliseerd en ekonomies in oorsprong is. Omdat die hele onderwyskoste deur die maatskappy as n geheel gedra word (al is dit indirek), wil die maatskappy natuurlik die beheer hê oor die uitgawe van die geld wat nodig is vir die onderwys. So n stelsel is nodig om onbegrensde geldverspilling te voorkom. In verskillende lande soos die Kaapprovinsie, Kanada, Groot Brittanje en die Verenigde State is n belangrike gedeelte van die skoolbeheer gevestig in die plaaslike liggaam. Hierdie liggame hef deur plaaslike belasting n groot gedeelte van

1). Arnold: Die Christelike-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920,14.

2). Verslag van die Onderwyskommissie (T.P. No.1-1920).

die fondse wat vir die onderwys nodig is, en kan daardeur met reg eis dat hulle die toesig moet hou oor die skool.¹⁾ Die gebrek aan belangstelling sal verdwyn sodra die inwoners van n distrik self direk n gedeelte van die fondse sou moes vind wat nodig is om vir die skole in die distrik te betaal.²⁾

Die Kommissie bevind ook dat die provinsie te groot is vir die teenswoordige mate van sentralisasie. Dit is noodsaaklik om ten volle gebruik te maak van die plaaslike kennis, en plaaslike behoeftes en inisiatief.³⁾ Die ondervinding het egter geleer dat verantwoordelikheid nie op n uitgebreide skaal aan ander oorgedra kan word nie; sonder dat dit gepaard gaan met finansiële verantwoordelikheid.

Die Transvaalse Onderwyskommissie het distriksrade in gedagte aan wie die beheer van skole vir n deel oorgedra kan word. Die distriksrade sal elk sy eie raad hê wat deur die publiek verkies word. So n raad sou die bevoegdheid moet hê om die geld in te vorder, en tesame met die toelae uit die provinsiale inkomstefonds, wat bereken is met inagneming van die digtheid van die bevolking, te gebruik om die koste van onderwys in die distrik te voorsien. In die gewone loop van sake behoort so n oordrag te lei tot n vermindering in die totale finansiële uitgawes, omdat plaaslike beheer ekonomieser sal wees. So n raad moet ondermeer die losies- en reisbeurse voorsien. Die onderwysers bly egter soos die geval is, provinsiale amp-tenare. Die sentrale owerheid of uitvoerende bestuur

1). Onderwyskommissie 1920 (T.P. No.1 - 1920), par.412.

2). Id., par. 413.

3). Id., par. 414.

van die provinsie sou die bevoegdheid hê om te eis dat in ieder distrik deeglike werk gedoen word.¹⁾

Dr. Cillie raak die kern van die saak in sy getuienis dat sonder betaling aan die kant van die ouers geen belangstelling te wagte kon wees nie. Vroeër toe die onderwys n saak van privaat inisiatief was, was daar veel meer belangstelling.²⁾

Die publiek verlang dat plaaslike besture groter bevoegdhede kry. Dit sal die vertraging wat die gevolg is van sentralisasie, veral wat kleiner sake betref, grootliks voorkom.³⁾

Voorlopig egter totdat die een of ander vorm van devolusie met finansiële verantwoordelikheid aangeneem word, word aanbeveel dat die skoolrade wat in 1907 ingevoer is, gehandhaaf word. Hulle is net die band tussen die Departement en die belastingbeta-ler en die skoolkommissie. Die beheer berus maar grotendeels by die Departement.⁴⁾ n Algemene klag teen skoolrade was dat die verkiesing van lede beïnvloed word deur partypolitiek, dat hulle weinig uitrig en net onkoste-meebring, ook dat hulle aanbevelings dik-wels onuitvoerbaar is en wrywing meebring. Die kom-missie kan net distriksrade as alternatief aanraai soos by paragraaf 415.⁵⁾

1). Onderwyskommissie 1920 (T.P. No.1-1920, par. 415.

2). Id., par. 416.

3). Id., par. 418.

4). Id., par. 419.

5). Id., par. 422.

Die Malherbekommissie beveel uitgebreider bevoegdheid aan skoolkommissies met betrekking tot die aanstelling van onderwysers.¹⁾ Die Kommissie voel dat die hele publiek die skoolkommissies en beherende liggame moet saamstel en dat sulke groepe nie net deur ouers verkies en uit ouers bestaan nie.²⁾

Die Afrikaanssprekendes van die goudstad het gevoel dat hulle belange verwaarloos word deur die skoolraad en het om n afsonderlike skoolraad versoek wat hulle belange beter sou behartig. Die Kommissie kan hieraan nie voldoen nie, en het vertrou dat die oorsake wat aanleiding gegee het tot die versoek, uit die weg geruim sal word deur die aanbevelings in die verslag.³⁾

Daar word gevoel dat die grense van skoolraadsdistrikte eerder moet aanpas by die behoeftes van die onderwys as by die van kiesafdelings.⁴⁾ Ook moet vrouens stemreg kry op skoolrade en daar behoort n goedkoper manier te wees om die verkiesing te reël as per pos.⁵⁾ Middelbare skole behoort onder die skoolrade te ressorteer en die beherende liggame sal dan dieselfde funksie vervul as skoolkommissies.⁶⁾

Die Kommissie spreek hom uit teen die groepbeheer van skole deur plaaslike outoriteite of kerkgenootskappe of deur private komitees, of deur individuele persone.⁷⁾

1). Onderwyskommissie 1920 (T.P. No.1-1920), par.423.

2). Id., par. 424.

3). Id., par. 425.

4). Id., par. 426.

5). Id., par. 427.

6). Id., par. 430-432.

7). Id., par. 433-435.

n Raad van Onderwys bestaande uit agt lede waarvan die Direkteur voorsitter is, word aanbeveel, om die Direkteur van advies te bedien. Daar word gevoel dat onder die teenswoordige stelsel rus daar te veel verantwoordelikhêid op die Direkteur.¹⁾ n Beswaar teen so n raad is die algehele verdubbeling van werk wat dit sou veroorsaak. Die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement voel dat die publiek n doeltreffender beheer van die onderwys-administrasie het deur die Uitvoerende Komitee.²⁾

Skoolgelde moet vir ambagskole afgeskaf word sodat alle provinsiale onderwys vry sou wees.³⁾ Die Kommissie spreek hom uit teen die beginsel van Ordonnansie no.16 van 1916 waardeur toelaes aan private skole gegee word. Dit het in werklikheid n toelae behels aan sektariese liggame wat skole opgerig het.⁴⁾ Aanvanklik is privaatskole gehelp omdat daar nie voldoende skole in die provinsies was nie.

Die Malherbekommissie volg in die spore van die Jaggerkommissie deur distriksrade aan te beveel.

5. Die Hofmeyrkommissie.

(a) Inleidend.

In teenstelling met die Malherbekommissie wat n Provinsiale Onderwyskommissie was en slegs betrekking op Transvaal gehad het, was die Hofmeyrkommissie deur die Sentrale Regering aangestel om verslag te doen oor die onderwys in al die provinsies.

1). Onderwyskommissie 1920 (T.P.No.1 -1920), par. 436-439.

2). T.O.D.-Verslag 1920 (T.P.5-'21), 19.

3). Id., 440.

4). Id., 442.

Die getuienis en aanbevelings van die Hofmeyrkommissie het dus slegs onregstreeks verband met die posisie in Transvaal ten opsigte van beheer.

Volgens Goewermentskennisgewing no.1311 van 1 Augustus 1923 is die Onderwysadministrasie-kommissie, beter bekend as die Hofmeyrkommissie, benoem onder voorsitterskap van J.H. Hofmeyr. Hierdie kommissie moes verslag doen i.v.m. die onderwys vir blanke kinders soos dit deur die provinsies geadministreer word:

1.(a) die grense waartussen onderwys verpligtend moet wees;

(b) die mate waartoe die Unie-Regering verantwoordelikheid moet aanvaar vir die koste binne sodanige grense;

(c) die mate waartoe die Unie-Regering geldelike voorsiening moet maak vir onderwys buite hierdie grense;

2. om ondersoek in te stel en verslag te doen oor die bestaande voorsiening wat gemaak word deur die Unie-Regering of die Provinsiale-regering ten opsigte van blanke kinders vir -

(a) die onderwys en versorging van kinders wat onder die Kindersorgwette aan individue of inrigtings toevertrou is;

(b) industriële of tegniese onderwys of opleiding, om te adviseer of en indien wel tot watter mate bestaande reëlins behoort verander te word.

Die taak van hierdie kommissie was breed gestel. Dit gaan egter hier net om die beheer van die onderwys.

b. Getuienis en bevindings.

Die Hofmeyrkommissie en 'n groot gedeelte van die getuienis voor die kommissie toon dat die eintlike geskil in die Zuid-Afrika-Wet self gevind moet word, in sy vrugtelose poging om die ondeelbare te verdeel. „Die stap is gedurende veertien jaar van verwarde ondervinding 'n verkragting van die logika gevind.“¹⁾

Verdere aanhalings uit hierdie verslag dui aan hoe verward en ongesond die toestand in die Onderwyswêreld toe reeds was.²⁾ Geen oplossings van die onderwysmoeilikhede kan doeltreffend wees as hulle nie die hinderpale in die weg van die koördinering van die opvoedkundige bedrywighede op 'n Uniale basis oorwin nie. As reddingsmiddel word die samestelling van 'n Uniale onderwysraad voorgestel.³⁾ Die raad moes 'n eenvormigheid van doel en politiek (beleid) deur die hele Unie bewerkstellig en behou.⁴⁾

Die Hofmeyrkommissie wys daarop dat dit nie wenslik is om af te sien van die werk van die Provinsiale Administrasie in die beheer van onderwys nie,⁵⁾ omdat elke Administrasie die bewaarders is van heelwat versamelde ondervinding met betrekking tot die behoeftes en toestande van sy eie provinsie. „Elkeen het sy eie stelsel en bevoegde personeel, en in elkeen is 'n gevestigde roetine van werk.“⁶⁾ Hiermee dan is alle gedagte aan die afskaffing van die provinsiale rade soos aanvanklik beoog in die Grondwet sowel as 'n

1). Onderwys-administrasie-kommissie (U.G.19-'24), par. 293.

2). Id., 284.

3). Id., 286.

4). Id., 288.

5). Id., 235.

6). Id., 234.

Uniale onderwysbeheer wat sou volg na „vijf jaar of daarna" die nek ingeslaan. In die toekoms sou met sowel die provinsiale rade as met hulle beheer oor hulle deel van die onderwys deeglik rekening gehou word.

Hulle belange was reeds gevestig. Later sou dit ook nie gerade wees vir die Sentrale regering om die pligte van die provinsies oor te neem nie, want sy eie pligte en funksies het so uitgebrei met verloop van tyd dat dit onwaarskynlik sou wees dat hy ook al die provinsiale belange na wense sou kan behartig, al is dit dan ook deurmiddel van gedesentraliseerde distriksrade.

Onder die indruk van die swakhede van die stelsel van verdeelde beheer beveel die Hofmeyrkommissie, met die oog op koördinasie van middelbare onderwys, aan:

(1) dat die Proviniale Administrasie onmiddellike beheer moes aanvaar van alle onderwys deur die Staat verskaf of ondersteun met die uitsondering van landbou-Kolleges en inrigtings van universiteitsrang;

(2) dat 'n Uniale Onderwysraad met „gezag om de onderwysbedrijwighede van de vier Provinciale Administraties te koördineren", beide met mekaar en met die universiteite en Landbou-kolleges ingestel moes word.¹⁾

Die kommissie het nie te veel verwag van vrywillige samenwerking tussen die provinsies nie.

Dit is opmerklik dat die Uniale onderwysstelsel links laat lê is en dat die Uniale eenheidsgedagte nou verwesenlik moet word deur 'n Onderwysraad wat koördinerend moet werk - „ons sou kan sê dat die onderwys op federale basis gereël moet word, maar dat

1). Onderwys-administrasie-kommissie (U.G. 19-'24) par. 544.

gewaak moet word vir uiteendrywing en oorvleueling.¹⁾

Die voorstel van 'n Uniale Onderwysraad is nie aanvaar nie, en van koördinasie in die onderwys het niks gekom nie.

Prof. Bingle wys daarop dat sedert die Hofmeyrverslag in 1924 ons 'n nuwe woord kry, en die strewe is van nou af nie meer na eenheid in die volle sin van die woord nie, maar wel „koördinasie“ van die onderwys. „Hierdie term is sedertdien nog nie weer laat vaar nie - ons tref hom in 1958 nog aan.

Hierdie wending is belangrik. Koördinasie beteken in opvoedkundige sin 'n soort van samevoeging, dog nie in die sin van eenwording nie. Elke faktor wat by die samevoeging betrokke is, behou sy identiteit en laat hom dus nie deur die res absorbeer nie. Hieruit, meen ek, moet ons aflei dat die provinsies reeds soveel „gevestigde regte“ teen 1924 gehad het dat daaraan nie geraak kan word nie.“²⁾

6. Die oordrag van Beroepsonderwys - 1925.

Die Hofmeyrkommissie het nie veel indruk gemaak nie en toe daar nog in dieselfde jaar, 1924, 'n konferensie in Durban gehou is tussen verskeie ministers en die provinsiale administrasies, oor die aanbevelings van die Hofmeyrkommissie, het die Minister van Onderwys voorgestel dat aan sy departement opgedra word om alle tegniese-, nywerheids-, en beroepsinrigtings oor te neem en dat skole vir algemene onderwys

1). Bingle: Ons Eenheidstrewe op Onderwysgebied uit die Uniale Oogpunt benader, 3.

2). Bingle: Id., 4-5.

wat vakke met 'n landbou- of nywerheidstrekking kan insluit, onder die provinsiale owerheid moes bly. Hiermee is akkoord gegaan onder die besef van die nasionale belang van hierdie soort opleiding wat 'n integrale deel vorm van die algemene nywerheidsbeleid van die land wat wel by die Sentrale Regering berus het. Die provinsies het hoofsaaklik weens finansiële oorwegings hiermee ingestem.

Die posisie is dus so dat gewone laer en sekondêre onderwys deur die vier afsonderlike provinsiale owerhede beheer word, terwyl die Sentrale Regering as vyfde onderwysowerheid, belas met beroepsonderwys, bykom in die geval van middelbare of sekondêre onderwys.¹⁾

Die Transvaalse Uitvoerende Komitee het op die oordrag van tegniese-, nywerheids- en beroepsonderwys soos volg besluit:

„Hierdie Uitvoerende Komitee is van oordeel dat... die voorstel as 'n geheel verkeerd is sowel uit 'n opvoedkundige as 'n administratiewe oogpunt.“²⁾

Die Komitee betreur die noodsaaklikheid om opvoedkundige oorwegings ondergeskik te maak aan finansiële oorwegings. Die tyd het geleer dat hierdie oorwegings heeltemal verkeerd was. So is op 1 April 1925 'n hele aantal vakskole (beroepsonderwys) aan die Unie-onderwysdepartement oorgemaak. Daardeur is onderwys op die middelbare peil volledig in twee geskeur.³⁾

-
- 1). Viljoen: Onderwysvraagstukke in Suid-Afrika, 42.
 - 2). Interkerklike Komitee: Memorandum, 9.
 - 3). Du Toit: Ons Verdeelde Onderwysbeheer. Die Unie (Augustus 1959).

Die probleem is dus vergroot. Tereg het prof. Clarke as volg hieroor geskrywe:

„It can be said at once that this measure is a blunder of the first magnitude... Our attempt to divide the indivisible in South Africa will yet cost us dear.“¹⁾

Tydens n interdepartementele konferensie in November 1925 in Pretoria gehou, is ooreengekom dat skole wat nie meer as drie-agstes van hulle tyd aan beroepsvakke wy nie, nie as inrigtings vir Beroepsonderwys beskou sou word nie, want die vraag het ontstaan wanneer n skool n inrigting vir Beroepsonderwys sou wees daar provinsiale skole etlike vakke met n beroepstendens aangebied het.

Aanvanklik het die Uitvoerende Komitee van Transvaal geaarsel om die aanbod van die Minister van Onderwys in Oktober 1924 te Durban te aanvaar omdat:

(a) Industriële onderwys uit n opvoedkundige en administratiewe oogpunt n organiese gedeelte van die onderwysstelsel van die provinsie is;

(b) hulle die noodsaaklikheid betreur om opvoedkundige oorwegings ondergeskik te maak aan finansiële oorwegings en gevolglik dring hulle sterk aan op die aanneming in Suid-Afrika van n stelsel eners as dit wat in die Verenigde State van Amerika van krag is, waar die Federale Regering spesiale finansiële voorsiening gemaak het om vakonderwys te ondersteun, maar dit alleen doen deur die regerings van die verskillende state. Toe die Uitvoerende Komitee verneem dat die Minister van Onderwys dit nie moontlik gevind het om spesiale ondersteuning te verleen vir die ontwikkeling van onderrig in die ambagskole nie, het hulle

1). Du Toit: Ons Verdeelde Onderwysbeheer. (Die Unie, Augustus 1959).

daarin toegestem om sekere skole oor te dra.¹⁾

Een groot moeilikheid het nou opgeduik, en dit was die kwessie van skoolgelde. In geen skole van Transvaal word skoolgeld gehef nie, wel in die Kaapprovinsie en Natal. Indien n leerling in Transvaal wat nou onder die sorg van die Unie-onderwys-departement sal kom, skoolgeld moet betaal, sal die abnormale posisie hom voordoen dat terwyl die Transvaalse Provinsiale Administrasie n gratis matrikulasiekursus in middelbare skole verskaf, leerlinge aan ambagskole in dieselfde provinsie skoolgeld sal moet betaal. Die onvermydelike gevolg hiervan sal wees dat die seuns en dogters in die gratis provinsiale skole gedryf word, sodat die vakskole daaronder sal ly, en die provinsie sal te staan kom teenoor die vraag na meer middelbare skole van suiwer akademiese aard. Dit blyk gevolglik onvermydelik dat die eintlike doel van die verandering verlydel sal wees, want in plaas van vakonderwys aan te moedig sal daar hoogswaarskynlik (in Transvaal) afbreuk aan gedoen word.²⁾ As daarenteen die skole wat nou oorgedra word gratis bly, gaan die abnormaliteit eenvoudig van die Transvaal oor na Natal en die Kaapprovinsie.

7. n Vergelykende beskouing van onderwys in Engeland, die V.S.A. en Nederland.

Ten einde n volledige beeld van die onderwysbeheer in Transvaal gedurende hierdie tyd te hê is dit nodig om teenstellend te let op die posisie ten opsigte van beheer in die twee stamlande en die V.S.A.

1). T.O.D.-Rapport, 1924 (T.P.3-1925), 7.

2). Id., 8.

(a) Engeland.

Die Fisherwet van 1918 het die Engelse onderwys gereorganiseer deur dit op 'n hegte nasionale grondslag te plaas inagnemende die Engelse liefde vir hulle plaaslike vryheid. Dit het ten doel gehad om onderwysgeleenthede vir alle kinders, afgesien van sosiale, ekonomiese of godsdienstige status, gelyk te maak.¹⁾ Die oorblywende skoolgelde is in die elementêre skole afgeskaf en dit is verpligtend gemaak vir alle leerlinge om op skool te bly tot aan die einde van die kwartaal waarin hulle veertien word.²⁾ Weens die moeilike ekonomiese omstandighede kon hierdie wet nie heeltemal uitgevoer word nie.³⁾

Volgens die Hadowverslag van 1926 van die Board of Education word die noodsaaklikheid van differensiasie op middelbare vlak beklemtoon. Die verslag verklaar dat met die oog op sekondêre onderwys vir alle leerlinge is dit noodsaaklik dat daar verskillende soorte sekondêre skole sal wees, veral 'n moderne skool wat ook nie-akademiese onderrig kan verskaf.⁴⁾

Dit wil dus voorkom dat Transvaal reeds in 1907 met die Smutswet beskik het oor 'n goed georganiseerde onderwysstelsel terwyl Engeland in 1918 'n hegte organisasie probeer smee het. Dit blyk verder uit die Hadowverslag dat die Engelse vroeg reeds die noodsaaklikheid van 'n goed gedifferensieerde sekondêre onderwys-

1). Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 186.

2). Barnard: A Short History of English Education, 1760-1944, 269.

Cramer en Browne: Contemporary Education, 63.

3). Meyer: Id., 187.

4). Board of Education: The Education of the Adolescent.

Barnard: Id., 275-277.

Cramer en Browne: Id., 64.

stelsel besef het. Die Transvaalse Onderwysdepartement maak in 1935 'n aanvang met skoolplase en begin in 1938 met die junior hoër skool, om te differensieer. Omdat die onderwys in Suid-Afrika nie op 'n nasionale basis gebaseer is soos in Engeland nie, kon doeltreffende differensiasie tot 1959 nooit in Transvaal toegepas word nie. Met die oornome van tegniese onderwys in 1925 deur die Unie-onderwysdepartement en die verdeling van die ondeelbare op onderwysgebied in die Unie is die moontlikheid van doeltreffende differensiasie op die sekondêre vlak verydel.

(b) Die V.S.A.

Die V.S.A. spits hom sedert 1917 met die Smith-Hughes-Wet toe op beroepsonderwys wat beskou word as 'n integrale deel van die gehele onderwysprogram. Die doel van hierdie wet was „to fit for useful employment.”¹⁾ Die Federale Regering ondersteun beroepsonderwys op 'n 50-50 basis, bereken op 'n bevolkingsgrondslag. Die fondse kan aangewend word vir die opleiding en besoldiging van onderwysers en die verskaffing van uitrusting ná voorlegging van die state se afsonderlike beroepsonderwysprogramme.²⁾ Alhoewel daar in die V.S.A. nie sprake is van sentrale beheer in die enge betekenis van dié begrip ten opsigte van onderwys nie, vind ons tog dat die sentrale regering (die Federale Regering) fondse beskikbaar stel aan die verskillende state vir die duurder beroepsonderwys. In die Unie het die provinsies ook te kampe met beroepsonderwys wat hulle nie kan bekostig nie, maar hier neem die sentrale owerhede (die Unie-onderwys-departement) be-

1). T.O.D.: Verslag van Oorsese Sending, 45.

2). Ibid.

roepsonderwys vir 'n groot deel onder sy eie beheer. In die V.S.A. oefen die Federale Regering 'n mate van beheer uit oor beroepsonderwys omdat hy daartoe bydra. In die Unie is die provinsies, ook Transvaal, gekant teen enige vorm van beheer oor die onderwys, alhoewel die Sentrale Regering 'n groot deel van die finansiële las dra. Die provinsiale outonomie het sedert 1924 met die Hofmeyrverslag 'n belangrike rol gespeel.

(c) Nederland.

Met die opkoms van die rewolusionêre lewensbeskouing in die 18de en 19de eeu ondergaan die gereformeerde insig 'n belangrike verandering, omdat die owerheid al meer en meer neutraal word. Die maatskappy waaruit die skole ontstaan het, het al meer en meer sy eenheidskenmerk verloor en kon mettertyd nie meer bestempel word as Christelik nie. So het die Gereformeerde Sinode van Leeuwarden, Nederland, in 1920 hierdie verandering in opvatting vasgestel, nl. dat die ouers en nie die staat die skole moet oprig. Die kerke moet die ouers aanspoor tot die stigting van Christelike skole of tot die hervorming van die bestaande skole.¹⁾ Hierdie beginsel dat die skole moet uitgaan van die ouers, nie as individuele ouers nie, maar as 'n gemeenskap van ouers opgevat, het later deur Gereformeerde voorstanders in Transvaal, en deur die C.N.O.-aksie, steeds na vore gekom as ideaal waarna gestrewe word.

8. Kritiese beoordeling.

In hierdie tyd gaan die C.N.O.-leiers voort

1). Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel en Die Onderwys in die Transvaal 1859-1937, 9.

met die propagering van groepskole en lê getuienis af voor die Malherbekommissie wat dan op sy beurt aanbeveel dat daar groter vryheid moet wees vir die ouers om die gees en rigting van die skool te bepaal. Die Malherbekommissie staan dus groter ouerbeheer voor.

By die Afrikaanse kerke is daar nou onderlinge verskil van standpunt ten opsigte van die beheer van die onderwys. Die meer liberale Ned. Geref. Kerk het die kerstening van die staatskool in Transvaal voorgestaan, terwyl die Gereformeerdes groepskole voorgestaan het wat die lewensbeskouing van ouergemeenskappe sou vertolk.

Die Malherbekommissie pleit in sy verslag, in ooreenstemming met die begeertes van die C.N.O.-voorstanders, om distriksrade wat deurmiddel van plaaslike heffings daartoe sal bydra dat plaaslike belangstelling en inisiatief sal toeneem.

Die Hofmeyrkommissie gee toe dat die tussenprovinsiale konferensies tot koördinasie misluk het. Vir die eerste keer is daar sprake van 'n Uniale Onderwysraad wat alle primêre en sekondêre onderwys moet koördineer, omdat die Kommissie nie veelverwag het van vrywillige samewerking nie.

Uniale onderwysbeheer van alle onderwys is nou laat vaar en die eenheidsgedagte moet nou verwesenlik word deur 'n Onderwysraad wat koördinasie moet bewerkstellig. Die omskrywing van „onderwys” deur Wet no.5,

1922 is geen omskrywing van „hoër onderwys” nie, dit lê net neer watter vertakkings van onderwys onder die jurisdiksie van die Minister ressorteer en watter soort onderwys hy by magte is om daarby te voeg. Die provinsies beheer dan die res. Die fundamentele geskil insake verdeelde beheer bly egter onaangeroerd.

Die Hofmeyrkommissie het n hoë dunk van die stelsel van Provinsiale Rade. Hulle was nou daar om te bly. Provinsiale beheer van die onderwys in Transvaal was nou n voldonge feit.

Van al die aanbevelings kom niks want na die Durbankonferensie in 1924 gaan alle tegniese-, nywerheids- en beroepsinrigtings op 1 April 1925 oor na die Unie-onderwysdepartement. Hierdeur is die onderwys vertikaal verdeel op middelbare vlak. Opvoedkundige oorwegings is ondergeskik aan finansiële oorwegings.

Nou tref dit dat juis op hierdie tydstip die Hadowverslag in Engeland die waarde van gedifferensieerde onderwys beklemtoon, terwyl die V.S.A. hom sedert 1917 met die Smith-Hughes-Wet toespits op beroepsonderwys wat daar beskou word as n integrale deel van die gehele onderwysprogram. Die Federale regering ondersteun beroepsonderwys op n 50-50 basis. In Suid-Afrika word doeltreffende differensiasie op die middelbare vlak die nek ingeslaan.

In hierdie tyd neem die opvatting in Nederland pos dat die skole moet uitgaan van ouergemeenskappe en dat hierdie ouergemeenskappe die skole moet hervorm na die Christelike siening wat die ouers daarop na hou. Hierdie opvatting word in Transvaal deur C.N.O.-voorstanders as n ideaal gestel.